

Cape Librarian

May/June 2018
Volume 62 | No. 3

Kaapse Bibliotekaris



Western Cape
Government

Cultural Affairs and Sport

HOOFARTIKEL

- Enkele gedagtes oor die spesifieke trauma van eks-aktiviste** 12
Koos Kombuis

COLUMNS | RUBRIEKE

BOOK WORLD | BOEKWÊRELD

- Tom Wolfe elevated journalism into enduring literature** 16
William McKeen
- Newberry Library: from frightening to fascinating** 20
Wim Els
- Skrywers gesels: Rudie van Rensburg** 26
Saamgestel deur Francois Verster

GENRE

- Debut Novels: some good reads from first-time novelists** 30
Sabrina Gosling

REVIEWS

- Book reviews | Boekresensies** 36
Compiled by book selectors / Saamgestel deur boekkeurders

THE ARTS

- The Jazz Workshop turns passion into joy** 42
Luke Townsend

RESEARCH

- Are fines overdue in our libraries?** 46
Helga Fraser

DIE LAASTE WOORD

- Vertaling: om voltyds in Afrikaans te werk** 50
Daniel Hugo

SPOTLIGHT ON CENTRAL REFERENCE

- New on the shelves** 54
Compiled by Sandra Kingswell

NEWS | NUUS

- people 2
- skrywers en boeke 3
- libraries | biblioteke 4
- literary awards | literêre toekennings 6
- miscellany 8
- 40 jaar gelede... 9
- between the lines 10

ON THE COVER: THE FLOPPY DISK

The floppy disk is a magnetic storage medium that was used to read and write data in the floppy disk drive installed in personal computers between the 1970s and 1990s.

As has become the norm in the computer storage universe, as its physical dimensions have shrunk over time, its storage capability has increased correspondingly.

First known as the micro diskette, the micro disk or the micro floppy, the first generation of floppy disks measured eight inches in size (200mm) and saw the light in the late 1960s. These evolved into the smaller, more common 5.25-inch (130mm) floppies in 1976. By 1978 as many as ten competing manufacturers were producing their own brand of floppy disks in this new standardised format.

The format again evolved into the 3.5-inch (100mm) floppy disk as seen on the cover of this issue. The slightly more durable newcomer with its plastic casing and spring-loaded metal cover boasted a higher storage capacity (determined by the type of magnetic coating material used – either 360 kilobytes, 1.44 megabytes or the ultra-rare 2.88 megabyte format – nonetheless laughably tiny by modern standards), was smaller in size and more rigid than its predecessor, although its innards continued to suffer the same limitations such as susceptibility to dust and magnetic interference.

Nonetheless, the 3.5-inch floppy was a masterstroke of design engineering. They were seemingly square-angled, and despite each disk having seven possible ways of being wrongly inserted into the disk drive and thereby risking damage, its unique non-uniform shape allowed it to be fully inserted only in the correct way. From non-networked software distribution (*Wikipedia* calls it ‘sneakernet’ – in reference to the distribution of disk-based data on foot) to software backups, the 3.5-inch floppy became the portable storage of choice – if always a bit pricier than its wobbly counterparts – from the late eighties until the late nineties. By 1996 there were an estimated five billion floppy discs in circulation worldwide.

Technological advancement would again signal the floppy’s demise. The continued drop in price of fixed storage media (hard drives) and the proliferation of networking beyond corporate institutions, combined with the ceaseless demand for more storage capacity from consumer activities such as digital photography (met by the emergence of writeable CDs) meant that the floppy would soon fold.

The final nail through the floppy would be the emergence of portable flash memory (USB pen drives), which emerged around the advent of the millennium and continue to survive today, if perhaps being gradually superseded by cloud storage of late. By January of 2007, only two per cent of the world’s PCs were still being fitted with floppy disk drives.

The 3.5-inch floppy will be remembered for several reasons. One, it is immortalised as the icon for saving one’s work in several PC applications (how strange this must be for millennials who would in all likelihood never even have seen a floppy disk in real life). But more importantly, it has a curious South African connection, namely that we are the only country in the world to refer to the 3.5-inch floppy – as a unique way to distinguish it from actual 5.25-inch floppy disks – as a ‘stiffy’. Amandla!

**Editor | Redakteur**

Braam Peens Tel: (021) 483-2446

Sub-editor | Subredakteur

Helga Fraser Tel: (021) 483-2044

Graphic design, cover design and photography |**Grafiese ontwerp, omslagontwerp en fotografie**

Wynand Coetzee Tel: (021) 483-2283

Contributor | Medewerker

Dr Francois Verster

Administration and advertising**Administrasie en advertensies**Szerena Knapp Tel: (021) 483-2483
Fax/Faks: (021) 419-7541**Website | Webtuiste**http://www.westerncape.gov.za/your_gov/106**Online public access catalogue**<http://wc.slims.gov.za/desktop/desktopwc>**Email | E-pos**Braam.Peens@westerncape.gov.za
Szerena.Knapp@westerncape.gov.za**Address | Adres**PO Box 2108, Cape Town, 8000
Posbus 2108, Kaapstad, 8000**Indexed in | Geïndekseer in**LISA (Library and Information Science Abstracts)
Library, Literature and Information Science
(EBSCOhost)**Reproduction and printing | Reproduksie en drukwerk**

Capitil Press

© Library Service © Biblioteekdiens SA ISSN 0 008 5790

Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die **Kaapse Biblioteekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstelyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

Does life imitate art or is it the other way around? Oscar Wilde's **The decay of lying** might have framed into words the way we perceive the world around us, but sometimes it's just a case of both, not 'either' 'or'.

Like now, for I'm about to reference one piece of art with another, by exclaiming that 'there is a disturbance in the Force'. Superficially, it's bizarre to rely on a *Star Wars*-catchphrase as a backdrop to set the scene for a newspiece-turned-eulogy.

But there's little doubt the passing of Tom Wolfe in May (read his obituary on page 16), a founding father and one of twentieth century America's most influential literary genres, the New Journalism, has undeniably left a crater-sized void in the lives of journalism students and bibliophiles alike. In the 1960s Wolfe, along with fellow authors Norman Mailer, Hunter S Thompson, Gay Talese and others – frustrated with the inherent limits dictated by the traditional 5 W's of newswriting – developed a literary style that was enhanced by the introduction of first-person, present-tense narrative techniques, intertwining objectivity and subjectivity with the goal of a more interpretive and immersive way of storytelling. This form of narrative fiction – or creative nonfiction – would later characterise their novels. Wolfe's style was further enriched by his near-voyeuristic obsession to observe his subjects and record details. Through the marriage of his acidic pen and uncanny ability to portray America viewing itself in a broken mirror, his writing was as poignant as his social commentary was explosive.

Throughout my career, first as a rookie journalist then subsequently in more senior roles that allowed more creative freedom, the techniques preached by the New Journalism became the blunted tools in the top drawer of my toolbox.

Wolfe – always outfitted in his trademark white attire, complete with matching top hat and silver-topped walking stick (even when writing in his New York apartment) – earned him the nickname of The Man in the White Suit. But today, after his passing, the literary world is an immeasurably poorer and darker place.

Boots die lewe kuns na of is dit andersom? Oscar Wilde se **The decay of lying** het hierdie vraagstuk in perspektief probeer plaas van hoe ons die wêreld rondom ons ervaar, maar die antwoord op die bogenoemde kwessie is dikwels 'n geval van 'albei' en nie 'hierdie een' óf 'daardie een' nie.

Soos nou, waar ek een kunsverwysing gaan gebruik om na 'n ander kunswerk te verwys deur aan te voer dat 'there's a disturbance in the Force' is. Dis skynbaar bisar om op 'n *Star Wars*-slagspreuk as agtergrond staat te maak vir 'n lofrede.

En tog is daar geen twyfel dat Tom Wolfe se heengaan in Mei (lees sy doodsberig op bladsy 16), een van die stigterslede van een van Amerika se mees invloedryke genres van die twintigste eeu, die New Journalism, onteenseglik 'n reuse leemte in die lewens van joernalistiekstudente sowel as bibliofiele agterlaat. In die 1960s het Wolfe, tesame met sy medeskrywers Norman Mailer, Hunter S Thompson, Gay Talese en ander – teruggeskop teen die inherente beperkings van tradisionele nuuskrif deur 'n literêre styl te ontwikkel wat staatmaak op die gebruik van 'n eerstepersoon, teenwoordige tyd-verteltegniek en objektiwiteit met subjektiwiteit verweef om 'n meer interpretiewe en indiepte vertelstyl in die hand te werk. Hierdie vorm van narratiewe fiksie – of skeppende niefiksie – sou later kenmerkend van hulle skryfwerk word. Wolfe se styl was verder versterk deur sy amper voyeuristiese obsessie met die waarneem en neerskyf van sy onderwerpe se doen en late. Die kombinasie van sy vlymskerp tong en sy uittartende vermoë om Amerika te beskryf as 'n nasie wat homself deur 'n stukkende spieël beskou, het Wolfe se skrywes treffend en sy sosiale kommentaar giftig gemaak.

Deurentyd in my loopbaan – eers as jong joernalis en later in senior rolle wat meer kreatiewe vryheid toegelaat het, het die tegnieke van die New Journalism soos geronde skroewedraaiers heel bo in my spreekwoordelike gereedskapskis gereed gelê.

Wolfe – altyd geklee in sy kenmerkende wit uitrusting, kompleet met 'n bypassende keil en kerie met 'n silwer handvat (selfs wanneer hy in sy woonstel in New York geskryf het) – is die bynaam van The Man in the White Suit gegee. Maar sy dood het die literêre wêreld 'n onmeetbare armer en donkerder plek gelaat.

PEOPLE

Farewell, Boeta Gammie

Igsaan Williams, better known as Boeta Gammie, passed away in April.

He previously worked at the WCED's Requisition Store where he distributed stationery to schools across the province. In 1998, he transferred to Library Services where he worked as a general worker in the Preparation section.

Boeta Gammie was always the first person in the office and would fill the kettles with fresh water every morning. His passing left a void among his colleagues as their daily interactions and routines became habit over a span of 20 years. He was a quiet, shy and introverted person but always friendly. In a personal capacity, he was a very private person who never complained. His strong work ethic served as a good example and an inspiration to those around him in the workplace.

Though he silently suffered, he never mentioned his pain. Boeta Gammie never failed to smile, greet and showed great respect to those with whom he crossed paths. As we struggle to let go, we will always remember him with fond memories. May he rest in peace.

Razaan Khan, Admin Officer: DCAS

**Deutsche Praktikantinnen besuchen den Bibliothekdienst**

The Library Service once again hosted German students completing the practical component of their course in a foreign country. During their three month-tenure Helen Läufer (left) and Lilly Steffen (right) made a significant contribution to the work undertaken in the Research Section. Both love the outdoors and took full advantage of everything Cape Town has to offer. 'We really appreciated our time in South Africa! It was a nice



experience to get to know another administration in a foreign country. Working in the Library Service was a great opportunity to get an insight into the Western Cape government. But also exploring Cape Town and its surroundings was amazing. This city has a lot to offer and it's always worth a visit! For us, Cape Town was the best place to do our internship,' was their commentary after their stay with us.

SKRYWERS EN BOEKE

Van Kaapstad na Hollywood

Die veelsydige – en uiters produktiewe – Kaapse skrywer, Francois Bloemhof, gaan Tafelberg vlugtig vir Hollywood verruil. Sy 21-jarige boek, **Die nagbesoeker**, word eersdaags as 'n wetenskapfiksieprent verfilm.

Bloemhof, wat spesialiseer in die ril-, gruwel-, bonatuurlike- en wetenskapfiksie-genre, het al meer as 60 titels gepubliseer. **Die nagbesoeker** is al in 1997 gepubliseer, maar Bloemhof moes dit herverwerk in 'n draaiboek sodat hy dit aan 'n Amerikaanse produksie maatskappy kon voorlê. Die titel sal **The night visitor** wees. Dit handel oor 'n model wat na die moord van haar suster onraad ruik en vermoed sy was nie die enigste slagoffer nie.

Bloemhof is ook 'n komponis, kortverhaal- en liedjieskrywer en was verder betrokke met die skryf van 'n rits draaiboeke vir Suid-Afrikaanse films, onder meer, **Vir altyd Vir die voëls** en **Pad na jou hart**.

Van sy ander vindingryke skeppings sluit in **Hostis**, 'n roman met sy eie bypassende klankbaan gekenmerk deur opvoerings deur Suid-Afrikaanse musici, 'n twee-in-een boek wat van voor na agter sowel as van agter na voor gelees kan word en 'n jeugroman (**Die speletjie**) met sy eie rekenaarspeletjie.



'Eiesoortige' Cas sterf



Die joernalis, dramaturg en skrywer Cas van Rensburg is 3 Mei op 76-jarige ouderdom in 'n aftreeoord op Onrus dood.

Van Rensburg was ook 'n skilder en kenner van die Jungiaanse sielkunde. Hy het die laaste jaar of wat met sy gesondheid gesukkel en het aan sy hart beswyk. Die skrywer Petrovna Meteler-kamp sê sy en Van Rensburg was 36 jaar lank vriende, 'deur dik en dun'. 'Dik was die goeie tye, nagte op sy stoep in Hemel & See, in Vermont, onder die Suiderkruis, met die klap van branders wat breek. Dan kon hy so filosofeer dat 'n mens wens daar is 'n bandopnemer langs die bottel rooiwijn. Gelukkig is Cas se wysheid in sy talle notaboeke bewaar, heel moontlik publiseerbaar.

'Cas het groot lof gekry vir sy eerste boek, **Jou drome – die onbewuste het ál die antwoorde** (JL van Schaik, 2000). Daarna het ek **Die prinses in elke vrou** uitgegee, wat 'n resensent laat voel het "soos iemand wat dae lank aan die voete van 'n ghoeroe gesit het". Hier bring hy prinses Diana, Sneeuwitjie en Carl Jung bymekaar in 'n boek oor die diepste van alle waarhede: Hoe om gewoonweg mens te wees, "gestroop van alle waan", en naak.

'Die dun tye het gekom wanneer Cas die oorlogspad gekies het. Steeks en vol geite, soos net voor die verskyning van sy wonderlike boek oor die manlike psige: **In elke man 'n wond – Oscar Pistorius en al die ander met seer, donker kante**. Met die redigering halfpad deur 'n uithaler-redakteur voltooi, skop Cas skielik vas: Hy laat nie aan sy woorde verander nie. Produksie is gestaak, die vriendskap is ná onderhandeling herstel, maar die boek moet nog verskyn.'

Die oudjoernalis en skrywer Karin Brynard sê Van Rensburg was een van die laaste van sy soort in die joernalistiek voordat hy afgetree het. 'Deur en deur 'n ouskool-intellektueel, ongelooflik wyd en ryklik belese, verfynd en sjarmant soos 'n Engelse lord, maar terselfdertyd 'n onbekeerbare rakker en genietter van die lewe. Hy kon tegelyk die poëtiese en die absurde raaksien.'

Brynard sê sy het twee maal onder Van Rensburg gewerk by die tydskrif *Insig*, waarvan hy 'n stigterslid en vir twee dekades lank adjunkredakteur was. 'Die lewe was nooit saai in sy omgewing nie, want hy was wispelturig – een oomblik daverend en donderend, dan weer kinderlik opgewonde oor 'n "wonderskone" stuk skryfwerk of weekgelukkig oor 'n diep filosofiese bepeinsing in 'n artikel, en die volgende oomblik eet ons *bunnychow* saam met die konstruksiewerkers van die omgewing by 'n slaptjipswinkel op die hoek en geniet dit gate uit.

'Hy het die res van ons in die joernalistiek soos bleeksiele laat lyk. Hy was 'n heerlike, eiesoortige, eksentrieke boheem. Met 'n ewe mooi stem wat die volle register van sy karakter kon uitdra.'

Jo Prins en Laetitia Pople (uittreksel uit *Die Burger*, 4 Mei 2018)

George hosts second disability workshop

For the second consecutive year the **George Library Service** hosted a special workshop for disabled people in March this year. It catered for all sorts of disabilities, ranging from the visually impaired to the intellectually and physically impaired and those suffering from hearing loss.

The senior manager of libraries, Sport and Community Development, Mr Shanold Marillac, opened the event by reminding everyone that disability is a matter of perception and the human spirit is one of ability, perseverance and courage. He said: 'Life is not a stage on which we were created to struggle - it's the place where we are daily invited to dance in the spotlight. The question should never be who is going to let me - it should be who is going to stop me... We all face our own unique challenges and we can't change the direction of the wind, but we surely can adjust our sails to optimise its speed to reach our respective destinations. Our human family is only completed when everyone is included. Let us remember that those who made their marks in life constantly thought in terms of I can, I will and I am.'

The workshop was held to ensure that the following targets are reached:

- rendering an inclusive service in libraries
- creating awareness amongst all library staff about disabled people
- understanding and addressing the needs of the disabled person.

Special services for disabled people, like the Mini Library for the Blind, were discussed by George Library's senior librarian, Malibongwe Luyenge. Sustainable programmes that are currently in place and specifically designed for a user group, like the town's Up with Down's school for teenagers and young adults born with that condition, were explained.

A special group of performers, Asijike, formed part of the programme. This group is a Lotto project beneficiary and aims to bring drama to children of different communities. According to this group, drama is a fun way for kids to learn how to express themselves and increases confidence for school orals and future job interviews.

Finally, EC Mobility gave an interesting demonstration of usable aids for disabled people. This year the importance of using proper wheelchairs was discussed.

The following organisations attended the workshop:

- GO George
- CWP Project
- Youth Development Programme
- Ilitha
- George Sport
- DEAFSA
- Asijike Arts Theatre
- Friends of the Library
- George Arts Theatre
- APD George
- Western Cape APD
- Up With Down's
- CE Mobility
- Foot & Mouth Painters
- Yeshua Skills

All forms of art were presented, including literary art, music and performance, as well as painting and dancing.

This workshop was not only timely, but very important for the Library Service to be seen as rendering an inclusive, fair, free and accessible service to all the citizens of George and surrounding areas.


Mamre Library celebrates 21st birthday



MEC Ivan Meyer (standing, right) brought along a gift; a book called **Fields of Play – football memories and forced removals in Cape Town**

Mamre Library celebrated their 21st birthday celebration on 25 October 2017 with a formal sit-down event. Guest speakers included MEC Ivan Meyer, Ald JP Smith, author Qarnita Loxton, Councillor Clayton and Area Manager Dairmaid Wessels. The Mamre Primary School choir sang two pieces to a standing ovation, Melony Pick regaled the audience with her beautiful voice and some light comedy and Reshanda Martinus, HOD at Mamre Primary, recited two beautiful poems penned by herself. The event was a huge success!

Nizam Bray, Senior Librarian: Mamre Library



Foot and mouth painter Rudie Lombard demonstrated his work

Biblioteekweek

BOEKE-PROE BY ASHTON BIBLIOTEEK

Elke jaar besoek skoolleerders ons gedurende Biblioteekweek en telkens probeer ek 'n nuwe boekverwante aktiwiteit aan hulle optower om hulle verbeeldings aan te gryp. Onlangs het ek 'n prentjie oor *book tasting* op die internet gesien. Ek het tien boeke gekies en soek toe 'n bypassende voedselitem wat die kinders kan proe vir elke boek.


Van die boeke op die spyskaart het ingesluit:

- **Stinkjan en die boontjierank:** 'bedien' saam met jelly beans
- **Muisie, my muisie:** malvalekker muisie
- **Kriewel en knor!:** suurwurms
- **Die grommende, brommende beer:** klein jelliebeertjies
- **Ons almal se bal:** aartappelballetjies

Die tafels is gedek met 'n plekmat, die spyskaart, 'n boekstaander met die boek en die bypassende proedingetjie. Ek het vir elke kind 'n boekie gemaak met 'n bladsy vir elke 'boekbespreking' wat sewe vrae oor elke boek bevat. Die vrae was as volg:

- Lyk die voorblad mooi?
- Is die woorde in die boek maklik om te lees?
- Is daar mooi prentjies in die boek?
- Is die boek in 'n goeie toestand?
- Sal jy nog van die skrywer se boeke wil lees?
- Het jy al die boek gelees?
- Lees (proe) die boek lekker?

Ek het 'n bogenoemde oefening met Graad 3's gedoen. Dit was reusepret en gaan beslis 'n jaarlikse instelling word. Ek weet nie wie dit die meeste geniet het nie – ek of die kinders!



Joan da Luz, Ashton Biblioteek



Langebaan het 'n uiters geslaagde Biblioteekweek gehad. Op Maandag 19 Maart het Gail Lotz en Stevie van Niekerk 'n poppekas by Topolino Pre-Primêre Skool aangebied. Die verhaal het gehandel oor die diere van die bos wat 'n biblioteekboek uit die vuil hande van kinders red. Op Dinsdag 20 Maart het Lalie Beneke (bo) 'n storietyd by Liefelyfies Kleuterskool gehou en die kinders vermaak met drie verhale oor boeke. Donderdag 22 Maart het die kinders skoenslappers op transparante gevef met die hulp van Lizelle van Crafty kids. Die eindproduk het soos loodglaswerk gelyk. Biblioteekweek is op Vrydag 23 Maart afgesluit met 'n oggend saam met die skrywer, Esta Steyn. Die prestige funksie is by die Horizon Restaurant gereël deur Lalie Beneke. Esta Steyn het 'n oorsig gegee oor haar skrywerk en uit van haar boeke voorgelees. Daarna is daar van haar boeke verkoop en het sy dit vir die gaste geteken. Ons gaste is ook bederf met verversings.

Lizé Sadie, Langebaan Biblioteek



'n Groep van 72 kinders het opgedaag vir gesigverf by Barrydale Biblioteek



Leerlinge van Laerskool Karatara luister aandagtig tydens Biblioteekweek



Personeel van Convulle Biblioteek se harte sit op die regte plek met hul Biblioteekweekuitstalling. (Vlnr): James de Waal, senior bibliotekaris; Jeanette Rhode, senior bibliotekassistent; en bibliotekassistentes Rowan Twigg, Lala Dladl en Romarco Adams



Witzenberg Vallei Bibliotek naby Ceres het sy deure op 23 Maart geopen. Die bibliotekstruktuur bestaan uit twee skeepshouers wat aan mekaar geheg is. Dit word op die perseel van die Laerskool Agterwitzenberg gehuisves. Dit is die Worcester-streek se eerste vrachouer-bibliotek en het 1,500 items in voorraad



George Library Service was the runner up in the Best Collaborative Project category awarded to a library at the annual Cultural Awards ceremony held in March. The team behind the Disabled Workshop project are (l-tr): Cynthia Boltman, executive support officer for George libraries; Rachel Williams, municipal library manager for George; Gertie Potts, senior library assistant; and James de Waal, senior librarian for branch libraries



Klawer Bibliotek het onlangs uitstallings vir Paasfees en waterbesparing gedoen. Hulle bibliotekaris, Aronel van der Westhuizen (regs) is so opgewonde oor Liewe Heksie dat sy selfs tydens Biblioteekweek soos Levinia Heks aangetrek en die plaaslike laerskool in haar uitrusting besoek het!



This striking Africa Day display by **Bloubergstrand Library** shows that a display with any theme can be built with a little imagination and a lot of the right books

LITERARY AWARDS | LITERÊRE TOEKENNINGS



Antonia Steyn

Krog kraai koning in Nederland

Die veteraanskrywer Antjie Krog is in Januarie vanjaar met die De Gouden Ganzenveer toegeken, 'n Nederlandse kulturele prys wat jaarliks individue of institusies vereer vir hulle bydrae tot die Nederlandse geskrewe woord.

Krog is die eerste nie-Nederlander of -Belg om die prys, wat gereken word as een van die mees gesogte in sy land van oorsprong, te wen. Die voorsitter van die Akademie van De Gouden Ganzenveer, Gerdi Verbeet, het Krog geprys as "n spesiale en veelsydige digter, as 'n uitsonderlike skrywer en joernalis van integriteit, en as 'n begaafde kunstenaar van haar eie werk'.

Nog 'n skrywer wat internasionaal sowel as plaaslik opslae maak, is Jan Vermeulen. Sy **Asem** is in Februarie as ereboek in die kategorie vir Afrikaanse jeugliteratuur deur die International Board of Books for Young People (IBBY) aangewys. Daarvolgens sal die boek op die internasionale tweejaarlikse erelyskatalogus verskyn.

Naudé se dubbeldosis-sukses

April is toekenningsmaand in die Afrikaanse literatuurwêreld en 'n rits pryse is by 'n verskeidenheid kompetisies uitgedeel.

- Jolyn Philips het die UJ-debuutprys vir haar digbundel **Radbraak** gewen. Dié skrywer is beskryf as "n opwindende nuwe stem wat die belofte toon om in die toekoms die kontoere van Afrikaanse poësielandskap ingrypend te verlé.' In 2017 het haar debuutroman, **Tjien Tjang tjeries**, dié kompetisie se kortlys vir Engelse romans gehaal.
- By dieselfde geleentheid het SJ Naudé (regs) die prys vir sy roman, **Die derde spoel**, ingepalm. Die kommentaar op hierdie stuk was dat die skrywer neem 'die leser op 'n onvoorspelbare reis met baie aftekelings wat elkeen die leser laat met die begeerte om nog meer daaroor te weet'.
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het ook die Eugène Marais-prys aan Naudé toegeken vir **Die derde spoel**.
- By dieselfde geleentheid het Kobus Geldenhuys die Elsabe Steenberg-prys vir vertaalde kinder- en jeugliteratuur gewen vir sy vertaling van **Kewerknaap**.
- Marlene van Niekerk se digbundel, **Kaar**, is met die CL Engelbrecht-prys vir letterkunde vereer.
- Die filmresensent en skrywer, Leon van Nierop, het 'n erepenning vir die bevordering van die rolprentkuns ontvang.



- Christiaan Olwagen se draaiboek van die rolprent **Johnny is nie dood nie** het die Daleen Bekker-prys verower. Hierdie aangrypende debuutfilm oor die post-revolusie blues na 1989 se Voëlvry-toer is "n geskiedkundige en artistieke mylpaal in die Afrikaanse rolprentkanon' (*asook die vertrekpunt van Koos Kombuis se skrywe op bladsy 12 - red.*). Die kinderboekskrywer, Jaco Jacobs, het die Tienie Holloway-medalje ontvang vir **Grom** (geïllustreer deur Lilje Karsen).

Winterbach wen... Groot



Ingrid Winterbach (links) het in Maart vanjaar vir die tweede keer in haar loopbaan met die louere in die Groot Afrikaanse Romanwedstryd weggestap. Haar jongste manuskrip, **Die troebel tyd**, is deur die kompetisie se organiseerders, NB-Uitgewers, as die wenner aangewys en vir haar 'n prys van R200,000 in die sak gebring. Die tweede en derde pryse het onderskeidelik R70,000 en R40,000 beloop. In 2012 het Winterbach se roman **Die aanspraak van lewende wesens** ook die eerste prys losgeslaan. **Die troebel tyd** is geprys vir sy 'onvergeetlike karakters en 'n besonder vertroulike leeservaring' en 'waar die karakters in al hul alledaagse absurditeit subliem en oortuigend geteken word'. Die roman is terselfertyd komies

en tragies en onderstreep die felste kwelpunte in die eietydse mens se psige. 'n Web van verbande tussen mense en gebeure word geweef wat deurentyd verras, asook alledaags is, wat beleef word, is tegelykertyd baie privaat en ook 'n registrering van die hedendaagse geskiedenis: depressie, die gevoel van nuttelosheid en beheptheid met sosiale media, die prostitute langs die snelweg, die waterskaarste en die karakters se onvermoë om 'n houvas op die werklikheid te kry.'

Jaco Fouché was tweede met **Die aanspreeklikheid**, wat gaan 'oor hoe 'n individu aanspreeklikheid moet aanvaar vir sy lewe en keuses in 'n wêreld van sosiale en politieke verwildering'. Debbie Loots se **Die boek van gelukkige eindes** is in die derde plek aangewys. Daarin word 'n gesprek gevoer oor 'die eksistensiële krisis van 'n moderne middelklas Afrikaner-man wat finansiële suksesvol is, maar sukkel omdat vaste sekerhede rondom sy seksualiteit en viriliteit weggeval het'.

Eleanor Oliphant crowned British Book of the Year



Eleanor Oliphant is completely fine. Gail Honeyman's standout debut, has been named Book of the Year at The British Book Awards.

The judges praised both the writing and the publishing and said the combination made it a clear winner. The novel was 'absolutely hilarious', 'literary and commercial' and struck an 'amazing balance between light and dark'.

www.thebookseller.com

Pieter-Dirk Uys wen die Hertzogprys

Na 'n baie lang wag is die dramaturg en satirikus Pieter-Dirk Uys uiteindelik die Hertzogprys ryker.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het dié gesogte prys aan Uys (72) se **Stukke teater** in April toegeken 'met inagneming van sy hele oevre'. **Stukke teater** beslaan vyf van Uys se vorige toneelstukke, waarvan heelwat destyds onder die sensuur van die vorige bedeling deurgeloop het – *Selle ou storie* (1974), *Karnaval* (1975), *Die Van Aardes van Grootoor* (1977), *Panorama* (1987) en *Die vleiroos* (1992).

Die Akademie het in 2012 vir die eerste keer besluit om die Hertzogprys elke drie jaar vir drama toe te ken aan 'n hele oevre, waarna Adam Small as die wenner aangewys is.

In 2015 het Tertius Kapp se twee dramas, *Oorsee* en *Rooiland*, vir hom die kategorieprys besorg.

Die voorsitter van die Akademie se letterkundekommissie, Prof. Hennie van Coller, het uitgewys dat satiriese humor soos Uys s'n veels te maklik geringgeskat word deur kritici – en is van mening dat Uys se werk sêlf 'n slagoffer van hierdie verskynsel is. 'Tog is hy 'n rasegte dramaturg wat met trefsekere karakterisering en sterk dialoog dramas daargestel het wat in eie reg waardevol is... [sy] dramas fokus op mense in tye van oorgang: aftakeling van mense, verbrokkeling van



verhoudings en die vernietiging van drome word geplaas teen 'n agtergrond van politieke opstand en sosiale chaos en verbrokkeling van 'n politieke regime.

'Uys het 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse én Suid-Afrikaanse drama gelewer en die toekenning van die Hertzogprys is erkenning vir sy unieke oevre.'

MISCELLANY

Spreading the love for reading

'Reading Empowers' was the message spread during World Book Day on 23 April 2018 at Suider-Strand Library. The Western Cape Library Service (WCLS), in partnership with the National Library of South Africa (NSLA) and the City of Cape Town hosted an event which saw members of the



Amr Salie gave an inspirational talk about books and how they changed his life

community, both young and older, receiving donated books to encourage a culture of reading.

Anroux Marais, the Minister of Cultural Affairs and Sport, along with NLSA executive Director Dr ME Maepa and the Western Cape Library Service Director, Cecilia Sani, walked through the area visiting schools, homes and a local crèche to deliver the donated books.

12-year-old published author, Amr Salie, gave motivational talks at all the schools that were visited about how reading changed his life.

Dr Maepa spoke of the main purpose of the day, which is to instill a love for books and reading across all communities and that we, along with another 100 hundred countries across the world, celebrate World Book Day. 'Today we encourage young people to read. Planting the seed, that we hope you will nurture it, so that it grows into a love for reading,' he said.

Cecilia Sani said that is good to see that World Book Day continues to encourage young people to read for enjoyment. 'Getting our children into the habit of reading every day is crucial. Learning to read from as early as possible has huge benefits for our children's future,' she said.

During the various stops along the route, Minister Marais spoke to all the students about the importance of reading and books. She also encouraged all learners to visit their local library.

WCLS mascot Bhuki was also on hand to encourage some of the younger children to read the books they received.

Olivia Peach, DCAS Communication Service

SALB opens eyes and minds

The South African Library for the Blind (SALB) provides reading material found in public libraries in formats accessible to the visually impaired and the disabled. SALB loans recorded audio, Braille books and magazines and specially designed playback equipment to all residents of South Africa that are unable to read standard print materials because of visual or physical impairment. Services are provided free of charge to eligible readers. The SALB-supported Mini Library project is an extension of this service. SALB equips local libraries with these resources for all members of their library and library staff can assist members regarding the use of the equipment and reading materials. Books and equipment are circulated through the South African Postal Service (postage-free). The library also loans equipment free of charge to its members. To make use of this service, members need to be aware of the following:

- individuals intending to use the material must be registered members of their local library
- a copy of their ID must be submitted with the signed Daisy player conditions form
- each member has the right of access to a Daisy player audio book reader, but they are responsible for the unit's replacement/repair cost and must adhere to the return dates as stipulated in the policies of the loan form
- electronic books will only be issued to members who have been issued with a Daisy player.

The libraries listed below form part of the SALB-supported Mini Library project. Therefore, the staff at these libraries can assist members of the community who are visually impaired or blind with the services and products such as Braille books, tactile books, audio books, audio book readers, a computer for the visually impaired as well as a scanning and reader device.



The library staff of **Vredendal South Library** and Jade O'Ryan from SALB held a launch for the Library for the Blind in February and visited – among others – the Vredendal old-age home

Western Cape libraries equipped with visually impaired accessible computers and a scanning and reader device:

- Beaufort West Library
- Bredasdorp Library
- George Library
- Hermanus Library
- Robertson Library
- Vredendal Library.

The libraries listed below are able to offer the services of a SALB-supported Mini Library project despite not having the scanner and reader device installed yet:

- Leipoldt-Nortier Library
- Drakenstein Library
- Groendal Library
- Rawsonville/Goudini Library
- Riebeeck-Kasteel Library
- Velddrif Library
- Villiersdorp Library
- Vredenburg Library.

40 JAAR GELEDE...

Stefan Wehmeyer

- NF van der Merwe skryf oor personeelopleiding in biblioteke. 'As gevolg van 'n voortdurende en snelle toename in kennis en inligting en van groot tegnologiese ontwikkeling, kan geen biblioteke hoop om opgewasse te bly met slegs 'n aanvanklike universitêre of ander opleiding nie. Indien die biblioteekberoep in hierdie opsig staties bly, het hul alreeds gestagneer. Dit word van elkeen van ons in die biblioteekberoep verwag om nie net alleen te streef om op die hoogte van nuwe ontwikkelings te bly nie, maar om doelgerigte aandag te skenk aan voortdurende professionele groei.'
- Die Provinsiale Biblioteekdiens neem deel aan die Landbou-skou op Beaufort-Wes. 'n Volksdragkompetisie word vir die kleuter- en laerskoolkinders aangebied. Na 'n versoek van die streekbibliotekaris was die burgemeester asook die bestuurder van die plaaslike Lewis-tak doodgewillig om elkeen 'n R10-donasie voor te skiet as pryse.
- Conville Biblioteek open op George. Die eerste dag word as volg beskryf: 'Net na 2:00 nm het die skoolkinders begin opdaag, en gou-gou was die biblioteek vol ywerige gesiggies, met nog 'n 100 wat buite hul beurt afwag.'

Die bode moes op hierdie stadium die deure toehou, en slegs 10 op 'n keer is ingelaat. Teen 3:30 het die skare kinders aangegroei tot 500, en erg opgewonde begin raak. Mnr. Ray Cairncross, bibliotekaris van George Openbare Biblioteek is geskakel. Toe hy by Conville Biblioteek kom en sien dat hulle werklik oorstrom is, het hy die hulp van verkeerskonstabels ingeroep.'

- In 1978 word die filmoteek 21 jaar oud. Die diens waardeur films vanaf filmoteke in Kaapstad, Grahamstad en Kimberley na biblioteke gestuur was, was baie gewild. Elke nuwe biblioteek wat destyds gebou is, is voorsien van 'n projektorkamer. 1975 was dan ook die jaar met die meeste uitreikings – meer as 52,000. In 1978 sou niemand kon voorsien dat hierdie medium mettertyd sou wegwyn nie. In 'n artikel getiteld 'Na 21 jaar' word die volgende gesê: 'Wat van die toekoms? Die keuse van materiaal is wyd genoeg om ons nog jare lank besig te hou. Ons hoop dat ons leners sal voortgaan om geesdriftig en intelligent gebruik te maak van ons voorraad.' (*Wel, die res is geskiedenis.*)



The library isn't dead

by Pieter Hugo

Recently, I was relaxing with a library book and a glass of wine when I was rudely interrupted by my ADHD-self.

(Allow me explain. My ADHD-self is that part of my brain that runs around like an insatiable, hyperactive child, ever-inquisitive, plotting mad plans, incessantly conjuring up puns, trying to tear me away from menial tasks, making me run up the down escalator and causing lots of joy and havoc in equal measure. If I don't keep it under control I, and everyone else, will be totally exhausted halfway through each day. But, on the other hand, I wouldn't be me without that part of me, so I gave this little maverick a name: Noddy.)

So, just the other day Noddy rudely interrupted me: 'Hey Pieter', he quizzed, 'are you aware of the historic symbolism of what you're doing now?'

'No', I replied, 'apart from the general idea that authors use wine, either as inspiration or excuse. Now stop interrupting me, Noddy, I'm reading.'

'Oh', he quipped, 'but I know you well enough to know you are getting bored with this reading stuff already. Rather listen to this interesting story.'

He was right, of course. So I put my book down, took another sip and listened.

'Library books and wine have a long history', he said. 'Two hundred years ago, in 1818, the then Governor of the Cape, Lord Charles Somerset, founded the first public library in the country. And do you know how he funded it? By imposing a special tax on wine! I bet you didn't know public libraries existed so long ago.'

'You'll be surprised, Noddy', I answered, 'I'm not as ignorant as you like to think - I know a thing or two as well.'

'A mere two hundred years. That's nothing. The first library that was opened to the public was founded in 1464. That is more than 550 years ago! It was the library of the All Saints Church in Bristol, England.'

'Mmm, I have to admit I'm impressed', he conceded, 'but that does not quite sound like a public library as we know it. I'm sure the books were chained to the tables like in the old monastery libraries.'

'You are most probably right', I agreed, 'but something much closer to our concept of public libraries sprang up all over England in the early 1700s, known as town libraries. The first and most famous being the Bodlian Library in Oxford, dating from 1602. And did you know that if you wanted to become a Bodlian Library member, you had to purchase a copy of the library's bound catalogue!'

The history lesson was becoming borderline boring for Noddy, with far too many dates and a noticeable absence of puns, so I was not surprised when he came up with an associative connection, 'That is just like we now have to buy an app before we can freely use it on our smartphones. But at least Somerset's library was free for all citizens of the Cape. Well, sort of. I doubt if the slaves could use it.'

'And', he continued, 'soon after that many towns in the Colony started lending libraries. They were sort of reading clubs, with members' fees used to buy books. Most of these lending libraries stayed alive and well for more than a century, until they were all converted into proper, free municipal public libraries in 1955.'

'Yes, Noddy, that's true, but don't use the word "free" so uhm, freely. In those apartheid years "free" mainly applied to whites. Initially most public libraries were for whites only, with a few for coloured people and only two or three libraries for black people. In the same years that the mostly white free public libraries multiplied, the apartheid government implemented Bantu Education, basically aimed at directing black youths at the unskilled labour market. And, would you believe it, in that same period they closed most of the black school libraries and even some black college libraries!'

'But now, Pieter, for the ultimate irony, or would you rather go back to your book?'

'Aag Noddy, stop whining', I said, taking another sip of wine, 'tell me.'

'Well, the apartheid government quite effectively excluded black South Africans from quality education and libraries, trying to inhibit the growth of a black intelligentsia but that same government, through the Cape Provincial Library Service,



Prof Rocky Ralebipi-Simela, National Librarian and CEO of the National Library of South Africa, addressed guests at the 200 year celebration of the first public library in South Africa at the building which now houses the Cape Town Campus of the National Library at the Gardens in Cape Town during celebrations in March. A year-long exhibition is on display at this venue which sketches the history of public libraries in South Africa

provided library services to prisons, including Robben Island. Do you see the fantastic irony? Robben Island was full of political prisoners. People who fought against apartheid. But once in prison they were provided with a library and the chance to further their studies.'

I nearly jumped out of my skin. 'Noddy! Here is the cherry on top - one of those books in the Robben Island Library would have been an Afrikaans poetry book. And Nelson Mandela would have read that book and memorised one of the poems. It is the poem, *Die kind is nie dood nie* (The child isn't dead),

by Ingrid Jonker, that he read during his inaugural speech in parliament in 1994.'

And so it came that Noddy and I were finally able to find some common ground, raising our glasses to 200 years of South African libraries and 100 years of Nelson Mandela. Cheers!

Pieter Hugo is the deputy director of Municipal Support Services at the Western Cape Library Service



Enkele gedagtes oor die spesifieke trauma van eks-aktiviste

deur Koos Kombuis

Nota: Ek sal in hierdie stuk die polities-korrekte verwysing na geslag vereenvoudig ter wille van leesbaarheid en bloot na 'hy' verwys wanneer ek eintlik bedoel 'hy of sy'.

baie navorsing is al gedoen oor byna alle vorme van post-traumatische stres. 'n Vinnige paar internet-soektogte verskaf geweldig baie inligting oor die emosionele probleme veroorsaak deur siekte, egskeiding, operasies, ongelukke en dies meer. Sels die sielkundige profiele van soldate en mense in oorlog- of vlugtelingsituasies is al deeglik gedokumenteer.

Iets waaroor daar baie min inligting beskikbaar is, is die post-traumatische ervarings van spesifiek politieke aktiviste; dit wil sê die lewenservarings vanuit die oogpunt van mense wat op 'n sekere stadium van hul lewens die bewuste keuse maak om, op watter wyse ook al, in opstand te kom teen wat hulle sien as 'n onregverdige regering, diktatorskap, of enige vorm van outoriteit waarteen hulle op morele gronde genoop voel om te protesteer.

Omdat ek heelwat mense ontmoet het wat spesifiek uit hierdie omstandighede kom, en omdat ek self iets daarvan

aan eie lyf gevoel het, al was dit in mindere mate as dié wat lank in aanhouding was of in oorlog-of-guerrilla-situasies diens gedoen het, voel ek die tyd is ryp om iets hieroor te skryf.

Die post-traumatische ervaring van eks-aktiviste is uniek. Hierdie mense sit met 'n spesifieke stel probleme wat anders is – hoewel dit kan oorvleuel – met mense wat bloot slagoffers is van geweldsmisdaad of oorlog.

Sentraal aan die problematiek van die tipiese eks-aktivis is die feit dat die trauma wat hy ervaar, gegrond is op 'n individuele keuse wat hy op 'n stadium gemaak het: die keuse om 'n sogenaamde 'normale lewe' op te skort ter wille van 'n lewe van protes teen 'n orde wat hy eenvoudig nie kan aanvaar nie.

Nie alle mense het, voor die val van apartheid, beswaard gevoel deur die beleid van die destydse Nasionale Party nie. En uit die groep wat wel beswaard gevoel het, is dit 'n relatiewe klein persentasie wat die keuse gemaak het om aktief teen daardie stelsel te veg. Onder die blankes veral was hierdie persentasie infinitesimaal.

So 'n keuse is vir enigiemand moeilik. Dit is ontwrigtend. Sielkundig is daaraan 'n hoë koste verbonde. Omdat die stryd teen 'n onderdrukkende orde byna altyd langer duur as wat aanvanklik verwag is, sit baie aktiviste, na afloop van die trauma, met 'n gevoel van verlies. Alte dikwels is 'n hele klompie jare van hul lewens opgeoffer vir 'n saak buite hulleself.



Die tipiese eks-aktivis sit met 'n psige wat in twee verdeel is: die self wat hy was voor hy die keuse gemaak het om in opstand te kom, en die self wat as't ware 'gebore' is die oomblik toe hy homself in die konflikte van protes begewe het.

Wanneer die aktivis die sone van protes betree, gaan die eerste 'ek' nie dood nie. Maar die drange en behoeftes van daardie 'ek' – noem dit maar die 'mens-ek' – word ondergeskik gestel aan die eise wat gestel word deur die 'woede-ek'.

Individuele behoeftes word opsygeskuif ter wille van die groep. Lojaliteit aan 'n kollektiewe ideaal weeg skielik swaarder as die normale ideale van persoonlike sukses of geluk.

Die tipiese aktivis, wanneer hy so 'n moeilike keuse maak, sê gewoonlik vir homself: 'Ek kan nie anders as om nou teen hierdie onreg in opstand te kom nie. Ek wil aansluit by die groep mense wat ook voel soos ek voel en saam met hulle baklei teen dit wat verkeerd is in die samelewing. Sodra ons gewen het, en dinge teruggekeer het na normaal, hervat ek my gewone lewe.'

